COMMUNITY NEWSPAPER

PRICE R15.00

2 October 2026

Gans Berg Nuus/News

323 Edition

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Dubbele matriekafskeid | Keep your distance | Ná 40 jaar in uniform | Alien Army Challenge | SAPS Warrant Officer

From our Fynbos to France - a South African story



Monnaie de Paris - one of the world's oldest continuously operating mints.

The decision by France's historic Monnaie de Paris - one of the world's oldest continuously operating mints - to feature the Cape Floral Region in its UNESCO World Heritage Series, gives this remarkable South African natural treasure an international platform. It highlights the universal importance of a place where nature, landscape and biodiversity converge. For gardeners, botanists and plant lovers, the appeal goes beyond the traditional world of coin collecting. The series captures something deeply familiar to South Africans in an unexpected medium: a landscape whose botanical richness is as remarkable as the mineral wealth that has long shaped the country's heritage and economy. The new collection places one of South Africa's most recognisable landscapes at the centre of its design. Table Mountain anchors the composition, surrounded by imagery evoking the rich plant life and protected landscapes of the region. This remarkable botanical landscape has now inspired a new international collectable coin series.

For Joaquin Jimenez, Chief Engraver and Director of Artistic Creation at Monnaie de Paris, the significance of the coin ultimately extends beyond its design. “I hope this coin tells a story of stewardship and enduring wonder. It is a miniature archive of our planet's natural heritage. Decades or even centuries from now, I hope whoever holds this coin remembers that art and nature are deeply intertwined, and that the natural treasures of the Cape Floral Region are worth preserving for generations to come.”



The new International collection of coins - representing our Cape Floral Kingdom.



The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za



A landscape built around plants
At the heart of the Cape Floral Kingdom is fynbos - the distinctive vegetation that gives much of the Cape its unmistakable character. Proteas may be its most famous ambassadors, but they are only one part of a remarkably complex botanical picture. The region is also renowned for its ericas, restios, buchus, bulbs, pelargoniums and other flowering plants, many of which occur nowhere else.

These plants have evolved within a landscape shaped by nutrient-poor soils, winter rainfall, dry summers and periodic fire. Far from simply surviving these conditions, many species have evolved remarkable ways of responding to them. Fire, for example, is an important natural ecological process within fynbos. Certain plants regenerate from underground structures after a burn, while others rely on fire-related cues to release or germinate their seeds.

A few fast facts about the Cape Floral Kingdom:
*It is one of only six floral kingdoms in the world; *It is by far the smallest and, according to UNESCO, relatively the most diverse; *Nearly seven out of 10 plant species are found nowhere else; *Around 69% of the region's estimated 9,000 plant species are endemic; *It covers a tiny area but contains enormous biological diversity; *The region represents less than 0.5% of Africa's land area, but contains nearly 20% of the continent's flora.
(*Source: Document compiled by Susan Symondson, Director: Supersue Communications*)

Hardus Botha




Monnaie de Paris in his studio, working on the coin.

Gans-Berg
Website Link
TikTok
GANSBERGNEWS
Facebook Link
028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za

Gansbaai SAPS Warrant Officer Triple Triumph before Retiring

In Afrikaans there is a saying: "*Dit wil gedoen word*". Well, Warrant Officer Riaan Mostert (Mossie) "*het dit gedoen*". He has completed three 21km races in 5 months before his retirement on 30 September 2026. (Note, he was an endurance walker for SAPS and has never participated in road running before).


Mossie Mostert and Julia Barlow.

Here is his story:
In September 2025 Mossie had to complete his fitness test at SAPS. He came home and was not impressed with his weight of 109kg. He took the decision to go running (to loose weight) and on his first run he found it difficult to run from one stop street to the next but after preserving and coaching he soon became fitter.

The 'running bug' bit and he wanted to run a 21km race in February 2026 but his 'coach' and partner advised him that that was too soon. Coach set a goal for him to train for the Rhodes 21km race in Wellington on 01 May 2026. The training began with a corrective eating plan and running mileage which steadily increased. His determination was obvious as he set more goals - he wanted to weigh 86kg and run under 2 hours 30 minutes on race day. Training was not easy and 'coach' had to be very strict at times. Even Rambo (our dog) made sure he kept running and would look back to see why he had stopped, which was encouraging for Mossie.

Race day arrived - Mossie was well prepared and had reach his goal weight of 86kg and was keen to run. It was a good run with coach ensuring that he stuck to the correct running time per kilometer. He crossed the finishing line in 2 hours 26 minutes, it was celebration all round. Both goals achieved.

Mossie was running strong and coach suggested that they run a 'back-to-back' - racing two races on two consecutive weekends. It was agreed - two races - Gun Run 21km on 13 September 2026 and Voet van Afrika 21km on 19 September. Training increased, more hills, speed work and taking in correct supplements while training.

The results (back-to-back):
Gun Run 21km - Completed in 2 hours 22 minutes and Voet van Afrika 2 hours 23 minutes. A great achievement!

The 'bug' has 'truly bitten' as the saying goes and he is looking forward to his next 21km - Winelands in Stellenbosch on 7 November 2026. He has joined the Whalers Club and is looking forward to many more races and has mentioned Comrades in passing. Coach is not too keen; he may have to do that one alone but he will be given the correct training and support.

Congratulations, Happy Retirement and good running Mossie.

Julia Barlow - Coach and partner

Prag LOCKSMITH LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED
9A LONG STREET. HERMANUS
083 660 9115

All Site Works
Chris Scheepers
066 217 4009
chrisjanscheepers@gmail.com
WE SPECIALIZE IN:
- Gates Fences Balustrading
- Tiling
- Ceilings
- Installations & Repairs to carports
- Renovations
- Paving
- Building & Repairs to trailers

CONTACT ME TO ADVERTISE
Erika: 072 499 5211
erika@gansberg.co.za

FYNBOS POLE DEPOT
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – BREDASDORP
20 MIMOSA STREET – HERMANUS
E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za
PINEPOLES - TAPER (CCA H4)
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
WOODCHIPS AND SHAVINGS
GARDEN EDGING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

AJ BANDEDIENSTE
DUNLOP
- Tire Installation
- Wheel Balancing
- Flat Tire Repair
- Tire Pressure

CONTACT US
072 918 9197
0280540037
ajtyresoverstrand@gmail.com

Overberg Scaffold & Machine Hire
Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.
Industrial Circle, Industrial Area.
Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676

Dubbele matriekafskeid - ±1 500km uitmekaar!

Simeon Botha van Vermont, 'n matriekleerder aan Curro Hermanus, se dubbele matriekafskeidfunksies wat hy bygewoon het, is nou iets van die verlede, maar dit wou gedoen wees! Sy meisie, Alida Nigrini, woon in Pretoria, en haar matriekafskeid was op Dinsdag, 22 September 2026 - met Curro Hermanus se matriekafskeid wat die volgende dag, 23 September 2026, plaasgevind het.



Simeon Botha en Alida Nigrini in Pretoria.

Buig of bars, Simeon het Dinsdag na Pretoria gevlieg om Alida na haar funksie te vergesel. Woensdagoggend het sy pa, Willem Botha, hom op die lughawe gaan haal, waarna hy betyds was om vir Curro se funksie gereed te maak - twee matriekafskeide op opeenvolgende dae en sowat 1 500km uitmekaar! Ongelukkig kon Alida nie dieselfde doen om Simeon na sy funksie te vergesel nie!



Simeon Botha by Curro Hermanus.

Intussen het Willem en sy eggenote, Marelize, met *Slice of Life Tours* gereël vir 'n spoggerige CJ750 Sidecar van omstreeks 1975 om Simeon na sy funksie by Curro te neem. 'n Mens moet sê: die jongman se pak het nogal goed by die Sidecar se kleur ingepas!

Hardus Botha



Pa Willem Botha en seun Simeon op pad na Curro Hermanus in die 1975 Sidecar.

En só word 'n droom waar...

Na maande se oefening kon die amateur-sanggroep van Gansbaai, onder leiding van Annatjie Smit, aan die nuutgestigte SBS-Massakoor in die Wes-Kaap deelneem. Hierdie is nie sommer net 'n sangfees nie - dis 'n Sángfees: 'n unieke Senior Burger Sangfees in die Wes-Kaap. Dit is ook nie 'n gestruktureerde koorfees nie - nee, net lekker massa-saamsing!



Die trotse groep SBS-sangers van Gansbaai.

"Hierdie Senior Burger Sangfees in Stellenberg was 'n onbeskryflike belewenis," vertel Annatjie Smit. "Die groot uitdaging om reeds om 07:45 daar te moes wees, het die trotse groep van Gansbaai nie afgeskrik nie, en almal was betyds daar - bankvas!" Annatjie sê musiek bind mense altyd op 'n spesiale manier, en die vyf groepe uit verskillende streke het sommer dadelik soos 'n familie gevoel. Met drie dirigente, twee begeleiers, solo-items en samesang het die koor van sowat 100 lede die groot gehoor van vreugde laat regop sit.

Annatjie, 'n ervare en professionele koorafrigter en musikant, is reeds lankal 'n bekende in Gansbaai. Sy is by verskeie geleenthede as klavier- en orrelbegeleier, asook by sangprojekte, betrokke. Dit was haar destydse inisiatief, en droom, wat tot die suksesvolle Senior Burger Sangfees in Stellenberg aanleiding gegee het.

"Die entoesiastiese sangers van Gansbaai het sonder twyfel tot die glansryke geleentheid bygedra," het Annatjie trots gesê. "Hopelik word dit 'n jaarlikse instelling met 'n al groter, groeiende Massakoor!"

Hardus Botha



Die SBS Massakoor in Stellenberg.

VACANCY / FAKATURE

GANSBAAI BAKHUIS IS HIRING!
Chefs. Bread bakers. Pastry chefs.
Experience helps, not essential, full training provided.



What we actually need:
- You live in Gansbaai
- You care about good food.
- Don't mind grafting.
- Own transport is a massive plus.

WhatsApp 072 897 9431
info@gansbaaibakhuis.co.za

There is only one name to remember
NASHCA FUNERALS
Authorized Financial Service Provider FSP 53883
Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, **Hermanus**
028 316 1659
57 Main Road, **Kleinmond**
028 271 4971
Bothma Centre, 57 Main Road, **Gansbaai**
028 384 0251
7 Queen Victoria Street, **Stanford**
028 34 101 34
082 322 0874

De Krans se spogwyne én knap wynmaker

De Krans Wynkelder se spogwyne is Dinsdagaand, 22 September 2026, by die Great White House vir die Gansbaai Wynproegilde aangebied - deur 'n knap en ervare wynmaker, Christoff de Wet. Voorsitter Japie Spies het die gaste by die sewende wynproegeleentheid van die jaar verwelkom - in 'n volgepakte restaurant met 66 gaste! Staatmaker Marmara de Klerk het enkele administratiewe sake afgehandel, waarna Maretha Cooper van die Great White House die spyskaart bespreek het. “Vanaand se spyskaart beeld Erfenisdag uit,” het sy gesê, en interessante inligting daaroor aan die gaste uitgewys.



Japie Spies, Marmara de Klerk, Christoff de Wet (met sy Gilde-voorskoot) en Charl Terblanche.


Gelukkige wenners: Smartie Genade, Sanette Ferreira, Willie le Roux en Wynmaker Christoff de Wet.

Die volgende tien wyne is deur Christoff aangebied om te proe: verwelkomingswyn: *Wit Moscato* 2026; witwyne saam met die voorgereg: *Chenin Blanc* 2025, *Sauvignon Blanc* 2025 en *Verdelho* 2024; rooiwyne saam met die hoofgereg: *Cabernet Sauvignon* 2024, *Touriga Nacional* 2024 en *Tinta Roriz* 2022; port-/gefortifiseerde wyne saam met die nagereg: *Cape Pink NV*, *Cape Vintage* 2023 en *Muscat Blanc* 2025. Christoff het op 'n uitstekende wyse insiggewende inligting aan die gaste oorgedra en vrae beantwoord. Die Witwyn van die aand was *Tritonia Verdelho*, die Rooiwyn van die aand *Tinta Roriz*, die Port-/gefortifiseerde wyn van die aand *Cape Vintage*, en die algehele wenner van die aand *Tritonia Verdelho*. Die Great White House se spyskaart het, soos gewoonlik, nie teleurgestel nie: voorgereg - *Springbok Carpaccio*; hoofgereg - *Crispy Pork Belly*; nagereg - *Chocolate Mousse Bar*.

Christoff is in Stellenbosch gebore en daar grootgeword. Sommer direk ná skool is hy vir ses maande na Sonoma, Kalifornië, waar hy as kelderassistent gewerk het. Hy beskik oor verskeie kwalifikasies in wyn- en wingerdverbouing, asook keldertegnologie, wat hy aan Elsenburg Landboukollege verwerf het. Tussen al sy studies deur was hy by verskeie wynkelders betrokke. In 2009 het hy om die beurt vir ses maande as kelderassistent in Australië en Kalifornië gewerk. In 2010 het hy by Distell se Adam Tas-kelder begin, en later dieselfde jaar is hy as assistent-wynmaker by die Bergkelder aangestel, 'n pos wat hy tot 2017 beklee het. In 2018 is hy as wynmaker by Lutzville Kelder aangestel en in Augustus 2019 by De Krans Wynkelder, waar hy tans die pos van keldermeester beklee. Onder sy leiding het De Krans Wynkelder talle nasionale en internasionale toekennings opgeraap, met sowat 13 besondere toekennings as hoogtepunte vir Christoff.

De Krans Wynkelder is aan die bolope van die Gamkariviervallei by Calitzdorp in die Klein Karoo geleë. Die plaas is in 1890 deur die Nel-familie gekoop. Die huidige kelder is in 1964 deur Chris Nel en sy broer, Danie, gebou. Die eerste Portugese druifsoort in Calitzdorp is in 1973 by De Krans geplant - danksy 'n 'fout'! Chris Nel, die vader van Boets en Stroebel Nel, wou Shiraz aanplant, maar dit het toe geblyk Tinta Barocca te wees. Dit is eers ontdek toe die nuut aangeplante wingerd in 1976 sy eerste druiwe begin dra het! Die besluit is toe geneem om sedert 1985 ook ander klassieke Portugese druifsoorte, soos Touriga Nacional, Tinta Roriz, Tinta Amarela en Souzão aan te plant. De Krans is onlangs vir sy innovasie bekroon met die *Most Innovative Wine Award* vir *De Krans Espresso*, asook vir die *De Krans MCC* tydens die *Michelangelo Wine Awards*.



Die geluktrekkings vir die aand is deur Smartie Genade, Sanette Ferreira en Willie le Roux gewen. Die gebruiklike Gansbaai Wynproegilde-voorskot, geborg deur Deon en Erica Oosthuizen, is deur Charl Terblanche aan wynmaker Christoff oorhandig. Soos gewoonlik was dit weer 'n gesellige aand in 'n vol Great White House.

Hardus Botha







Fred benodig afvalmateriaal om self-ontwerpte masjiene te toets

"Ek het hierdie twee masjiene self ontwerp en gebou," vertel Fred de Pauw van Gansbaai Engineering, 'n onderneming wat hy reeds sowat 15 jaar bedryf. "Nou wil ek die effektiewe werking daarvan deeglik toets, maar ek benodig spesifieke afvalmateriaal."

Die masjinerie ter sprake is 'n *Finishing Gold Shaking Table* en 'n *Hammer Mill*. Albei masjiene is vir die nasionale en internasionale markte ontwerp. Volgens Fred word die voltooide masjiene hoofsaaklik in die goudmynbedryf gebruik, veral in Afrika. Gansbaai Engineering lewer egter nie net produkte vir uitvoer nie. Die onderneming verrig ook plaaslik 'n verskeidenheid ingenieurswerk en bied onder meer *sandblasting*-dienste aan.

Die afvalmateriaal wat Fred benodig om die masjiene mee te toets, sluit onder meer die volgende in: enige tipe elektriese toerusting wat nie meer werk nie, elektriese drade, selfoon- en ander laaiers, *leads*, rekenaardrade, ou selfone en telefone, ou skootrekenaars, rekenaars, rekenaaronderdele en dies meer.

Belangstellendes wat van hierdie afvalmateriaal ontslae wil raak en Fred daarmee in staat wil stel om sy masjiene te toets, kan hom by 082 226 9420 skakel sodat hy dit kan kom afhaal. Afvalmateriaal kan ook by Strandlopertjiestraat 2, Industriële Area, afgelewer word.

Hardus Botha



Fred de Pauw by sy self-ontwerpte masjienerie.



Die Finishing Gold Shaking Table.



Die Hammer Mill.

Keep your distance from Cape fur seals

On World Rabies Day, 28 September 2026, CapeNature is reminding residents and visitors to keep a safe distance from Cape fur seals and to act immediately if they or their pets are bitten, scratched or exposed to a seal's saliva. Rabies has been detected in Cape fur seals along the South African coastline and, by the end of 2025, at least 176 people had been bitten by seals. While most seals do not pose a threat to people, they are wild animals and should never be approached, touched, fed or encouraged to interact with humans.

Seals regularly come ashore to rest, and the presence of a seal on a beach does not necessarily mean that it is sick or stranded. Members of the public should give the animal space, keep children and pets away, and allow trained authorities to assess the situation if assistance appears necessary. A seal infected with rabies may behave aggressively, appear disoriented, move unusually or show little response to its surroundings. However, unusual behaviour can also result from injury, illness or distress. People should therefore not attempt to diagnose, move or assist a seal themselves.

Rabies is transmitted through the saliva of an infected animal, most commonly through a bite. Exposure may also occur through scratches contaminated with saliva, or when saliva comes into contact with broken skin, the eyes, nose or mouth. Anyone who has been bitten or scratched by a seal, or whose broken skin, eyes, nose or mouth has come into contact with seal saliva, should: *Immediately wash the affected area thoroughly with soap and running water for at least 15 minutes; *Seek urgent medical attention at the nearest healthcare facility; *Clearly tell healthcare workers that the injury or exposure involved a seal that may have been infected with rabies; *Follow all medical advice regarding rabies post-exposure treatment; *Report the incident to the local municipality, lifeguards or relevant conservation authorities; *If it is safe to do so, members of the public may record the seal's behaviour from a distance; *A video, description and accurate location pin can assist authorities in assessing the situation; *No one should approach the seal to obtain footage; *Dogs and other pets must be kept away from seals, whether the seal appears healthy, sick, injured or dead - pet owners are also encouraged to ensure that their dogs and cats have up-to-date rabies vaccinations; *If a pet has been bitten or scratched by a seal, or may have been exposed to seal saliva, the owner should contact a private or state veterinarian immediately for advice; *The animal should not be allowed to interact with people or other animals until veterinary guidance has been received.



Members of the public are reminded to:
*Remain at a safe distance from seals on beaches, rocks, in harbours and in the water; *Never touch, feed, pet, chase or attempt to move a seal; *Keep dogs under control and away from seals; *Leave the water calmly if a seal behaves aggressively or approaches repeatedly; *Follow the instructions of lifeguards, conservation officials and municipal authorities; *Report seals displaying aggressive, disoriented or otherwise concerning behaviour.

By respecting wildlife and responding quickly to possible exposure, coastal residents and visitors can help reduce the risk to people, pets and Cape fur seals. Suspected cases or concerning seal behaviour can be reported to CapeNature at 083 236 2924. Where possible, include a description, video taken from a safe distance and the exact location.

(*Article shortened: Hardus Botha*)
CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn

'Alien Army Challenge' - 'n stryd teen indringerplante

Die naweek van 24-26 September 2026 was dit behoorlik 'n 'oes' onder uitheemse indringerplante by Groeneweide, benewens die feesatmosfeer met verskeie insiggewende praatjies, kunsuitstallings en veel meer. Behoorlik 'n Gansbaai-fees, met die gepaste naam 'Rewilding Greater Gansbaai Festival'.



Die bekende 'Alien Army Challenge' se span het op Saterdag 26 September die leiding geneem. Die res van die sowat sewe spanne is breedvoerig ingelig oor die verwydering van indringerplante. Daarna is die span vir 30 minute die veld in, terwyl die ander spanne hul beurt afgewag het - hulle moes kyk of hulle dié gedugte span kon klop. Dit was harde werk, maar almal het hul deel behoorlik gedoen.



Daar is egter baie ander organisasies wat ook hul deel doen om indringerplante te verwyder. Een so 'n gedugte span is die De Kelders Bewaringsgroep ('Kappityters'), onder leiding van Johan Neser as koördineerder. “Ons groot totaal van uitgewisde indringerplante het pas die 67 000-kerf verbygesteek,” het Johan die *Gans-Berg Nuus* meegedeel - wat 'n prestasie is dit nie?! Die groep bestaan tans uit 55 lede, waarvan sowat 15 op 'n gereelde basis aktief aan fisiese aktiwiteite deelneem.

Die Kappityters is sedert April 2026 aktief besig om uitheemse indringerplante so wyd as moontlik te verwyder ter beskerming van die biodiversiteit van ons unieke en bedreigde Strandveld. “Die vernietigende brande wat ons omgewing beleef het, het opnuut die rol wat indringerplante speel om brande gevaarlik vinnig en warm te laat versprei, by die gemeenskap aangewakker,” sê Johan. “Die gevolg daarvan was 'n verhoogde gevoel van meelewing met geaffekteerde gemeenskappe en 'n pligsgevoel om in te gryp en proaktief op te tree.”

Die groep was sedertdien in verskeie gebiede in die Groter Gansbaai-omgewing betrokke en het onder meer bygestaan met die verwydering van indringerplante by *Panthera Africa Big Cat Sanctuary* naby Stanford, asook by die *Groeneweide-vleiland*. Hulle was ook tydens die langnaweek by die 'Greater Gansbaai Rewilding Festival' by Groeneweide aktief betrokke, waar die klem op die traumatiese nagevolge van die brande geval het, gevolg deur 'n boodskap van hernuwing, samewerking en hoop. 'n Uitstalling deur die groep was daarop gemik om besoekers bewus te maak van die algemene, asook 'nuwe', spesies wat ons omgewing bedreig. Belangstellendes kan Johan Neser by 083 376 5149 vir meer inligting kontak.

Hardus Botha









Seeff
Success with every move.
PEARLY BEACH | 072 777 1788

POOL SAFETY SYSTEMS
Contact me for a FREE Quotation
Shaun Bonorchis
Tel: 084 4444 903
poolcoversthermanus@gmail.com
www.poolcoversandnets.co.za
"for a clean, safe and warm pool"

SCOOTERS
DELIVERY AND UBER SERVICES
067 399 6798
For more information contact us

Conrie Plumbing Services
Reliable • Professional • Local
- Geysers installations
- Bathrooms renovations
- New Home installations
- Block drains
- Gas Geysers installations
- General maintenance
- Solar Geyser installations

Conriesau33@gmail.com
0719732476
No job too big or too small

Fabio's Ristorante
028 313 0532

Seeff
Success with every move.
GANSBAAI | 083 2899 836

CHAS EVERITT
INTERNATIONAL PROPERTY GROUP
Melinda
083 461 4409

Gans-Berg
Nuus/News

dal-Italia
Exclusive shopping & dining experience
The Deli on Aberdeen
028 313 0532

CLASSIFIEDS

BUY • SELL • FIND • JOBS • SERVICES

028 205 0100



VIBRACRETE MURE
Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal

Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM

Anglo Windows

new for old
we open windows for you

Average home completed in one day

Jayson Hitge
082 413 3301
info@anglowindows.co.za

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

Gans-Berg

Website Link

GANSBERGNEWS



Contact us to Advertise: Janine:072 931 1431 / janine@gansberg.co.za

Put your advert here





Disclaimer at quackery advertisements

Gans-Berg News have not verified whether any of the services or products advertised will have the desired effect or outcome. Readers will note that some of the promised results in the advertisements are extraordinary and may be impossible to achieve. Beware some of the procedures and claims advertised may be dangerous if not executed by a qualified medical practitioner. Readers are warned that they should carefully consider and verify the advertiser's credentials. Gans-Berg News do not accept any liability whatsoever in respect of any of the services or goods advertised

Gans-Berg

Contact us to Advertise:
Erika:072 499 5211
erika@gansberg.co.za



Have a story YOU WANT TO SHARE:



Hardus: 082 786 0494
Email: info2@gansberg.co.za





Brain Teasers

I L A N A R B I R O T Z K I S L U
N E R T A N G E N T U S S C E H T
T R A E K R T T P D U S O I G N H
E E L E P E A Q P B Z O W R M R G
R H U Q M O S L M E R O T C E T I
S P C A I E L O U D R U M L N X E
E S I A C S H S I G O I Q E T L H
C D D A I R I N D S N B M T L D Z
T K N A Q U A D R I L A T E R A L
N T E J O T B I E S M F I U T G P
F R P M E H T O P A U A W U S E U
A J R S G E L S J E U N R P Q E R
W D E O D I O Z E P A R T Y N E X
Z J P V B I S E C T Y V S B P H J

	8	4					3	
					5			
				1			5	6
4			9					
1		5				2		
		3	4		8			
							6	2
		2						9
8			1	7				

APOTHEM
AREA
BISECT
CIRCLE
COORDINATES
DIAMETER
EQUIANGULAR
HEIGHT
LEGS
OBTUSE
PERIMETER
PERPENDICULAR
PYRAMID
QUADRILATERAL
RHOMBUS
SECANT
SIDE
SLOPE
SPHERE
TANGENT

Colour me in....



ANSWERS

S J E E C Q N O G Y L O P A S G Q
A V N Q Q H H Y P O T E N U S E M
R S E O E U T B C A T H U M P A L
O D L Z R N I O X R D O Z I R X I
G I A I A D N L A R A R G G W C S
A L C L L G E N A E D D O A X Y O
H O S X R M S H E T L L I H E L S
T S Z U U V A Z Y Q E G S U C I C
Y U E L E C C R S L U R N J S N E
P N O R U Z J S L L O A A A I D L
T V S T S Q U A R E X P T L I E E
J A E C N E R E F M U C R I C R S
L V V V F A L T X E T R E V O Q T
O M I D P O I N T I Q F N K K N N

1	2	9	8	6	3	4	7	5
3	4	6	7	9	5	1	2	8
5	7	8	1	2	4	9	6	3
9	1	5	2	4	8	7	3	6
2	8	7	9	3	6	5	1	4
4	6	3	5	7	1	2	8	9
8	5	2	3	1	9	6	4	7
6	3	1	4	5	7	8	9	2
7	9	4	6	8	2	3	5	1

NEIGHBORHOOD Watches

AREA	CONTACT	NUMBER
Franskraal	Jaap Koen	082 442 2464
Franskraal Afriforum	Robbie Nelson	083 455 0946
Pearly Beach	Mark Boontjies	072 282 3616
Pearly Beach Oord	Fred Wesson	083 654 4616
Strandveld Plaaswag	Stephan Du Mont	082 642 7358
Kleinbaai	Maryna Basson	073 439 1979
Uilenkraalsmond	Lionel Kemn	063 501 5198
Gansbaai	Hugh-Daniel Grobler	072 352 7776
Perlemoenbaai	Stuart Hayman	079 250 9081
De Kelders	Nico Groenewald	073 919 7777

LET US COMMUNITY WORK TOGETHER

Gans-Berg Nuus/News
028 205 0100 Community Newspaper

EMERGENCY NUMBERS

028 205 0100 Gans-Berg

Gansbaai Municipality:	028 384 8300
Overstrand Municipality:	24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013
Law Enforcement:	028 313 8996 / 028 313 8111
Disaster Risk Management:	028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122
Fire Department:	028 313 8980 / 028 312 2400
Marine & Coastal Management:	028 313 2703
Ambulans Service Toll free number:	10177
1LifeRescue:	Mark Robson - 082 414 9335 0861 13 13 11
CMC Critical Medical Care Ambulans:	028 001 0544
Gansbaai Police Station:	028 384 0201 / 10111
Cassie Carstens:	078 699 6995

IN AN EMERGENCY, EVERY SECOND COUNTS.
SAVE THESE NUMBERS. SHARE THEM. STAY SAFE.



Weather Forecast / Weer Voorspelling

Wednesday 30/9/2026	Thursday 1/10/2026	Friday 2/10/2026	Saturday 3/10/2026	Sunday 4/10/2026	Monday 5/10/2026
27°	19°	16°	16°	20°	17°
Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation.	Strong Breeze 12 m/s from west 0 mm precipitation.	Moderate Breeze 10 m/s from west 0.2 mm precipitation.	Fresh Breeze 5 m/s from south-east 0.9 mm precipitation.	Fresh Breeze 8 m/s from east 0 mm precipitation.	Light Breeze 2 m/s from south-west 1.4 mm precipitation.

Getytafels / Tide Tables

Dag / Day	High	High	Low	Low
2 October	0640	1903	1241	0127
3 October	0754	2033	1415	0200
4 October	0945	2238	0317	1631
5 October	1127	0006	0507	1759
6 October	1230	0100	0616	1855
7 October	1316	0142	0705	1937
8 October	1354	0200	0744	2013
9 October	0218	1429	0819	2045

Tax Compliance & Administration Services

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee-Co
A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za

BIZ LEGAL
OVERBERG Labour & Legal Solutions



SOLUTIONS TO HELP YOUR BUSINESS SUCCEED. TOGETHER.

WE OFFER LABOUR, LEGAL, TAX & ACCOUNTING SERVICES ALL UNDER ONE ROOF

LABOUR MONTHLY RETAINERS
LEGAL MONTHLY RETAINERS
TAX & ACCOUNTING SERVICES

LABOUR SERVICES
TAX & ACCOUNTING
LEGAL SERVICES

CONTACT US TO FIND OUT MORE:

Mossie Mostert: Ná 40 jaar in uniform wag die GAP-jaar

“Vriende en kollegas het my gevra wat my toekomsplanne ná my aftrede is,” het Adj. Off. Riaan Otto (Mossie) Mostert die Gans-Berg Nuus meegedeel. “Met die tong in die kies het ek maar geantwoord dat ek eers my GAP-jaar gaan neem voordat ek enige besluite gaan neem!” Mossie het, ná 'n volle leeftyd in die Suid-Afrikaanse Polisiediens, besluit om op 30 September 2026 uit diens te tree. Vrydagoggend, 25 September 2026, is Mossie deur sy motorfietsvriende, die Dogs of War, verras. Sy jarelange vriend, AO Woensdrecht Basson, het gereël dat die groep motorfietsers onverwags vroeg by Mossie se huis opdaag om hom, al brullende, na sy kantoor te begelei – “om hulde te bring aan 'n Gansbaaier wat sy lewe toegewy het aan die veiligheid van sy mense, en om hom voorspoed vir sy aftrede toe te wens.”



AO Mossie Mostert in sy kantoor.

Mossie is op 29 September 1966 in Port Elizabeth gebore, waar hy ook grootgeword en skoolgegaan het. Direk ná skool is hy na die Suid-Afrikaanse Weermag vir sy twee jaar verpligte militêre diens, en direk daarna, op 20 Februarie 1987, het hy by die SAPD aangesluit - 'n polisieloopbaan van 40 jaar (39 jaar en 218 dae, om presies te wees)! Ná sy aanstelling as konstabel op 20 Februarie 1987, is hy op 1 Desember 1991 tot die rang van sersant bevorder en op 1 Junie 1996 tot die rang van adjudant-offisier. Mossie het ook etlike medaljes ontvang en 'n lang lys van verskeie kursusse suksesvol voltooi.

In Desember 1987 het Mossie met wyle Erica in die huwelik getree. Sy het hom in Augustus 2020, as gevolg van Covid, ontval. 'n Seun, Terence, is uit die huwelik gebore. Terence, wat ook in die polisiediens is, was in 2018 in 'n ernstige skietvoorval betrokke wat hy oorleef het. In 1996, sowat 30 jaar gelede, het die gesin na Gansbaai verhuis. “Dit was ná 'n moeilike verplasingskeuse tussen Garries en Gansbaai,” vertel Woensdrecht. “As 'n jong gesinsman uit die Baai het hy nie één van die twee dorpe geken nie, maar toe genadiglik die regte keuse gemaak!” Woensdrecht sê met sy eie aankoms in 2011 het hy vir die eerste keer van 'n CIMAC gehoor, 'n pos wat Mossie die bynaam 'Mandaat' besorg het. As iemand hom probeer oortuig het om iets buite sy raamwerk te doen, het hy vinnig geantwoord: “Dis nie my mandaat nie.”



AO's Mossie Mostert en Woensdrecht Basson skud hande voordat Mossie na Gansbaai SAPD begelei is.

Mossie Mostert - ewe tuis op sy motorfiets as in 'n kuspatrollie-voertuig.



Dogs of War en vriende neem afskeid van Mossie Mostert.

In 2024 het Mossie vir Julia Barlow, ook 'n bekende in Gansbaai, ontmoet. Vir albei was dit duidelik dat die liefde vinnig begin blom het - wat toe ook die geval was. Sedert Maart verlede jaar is dié twee verliefdes lewensmaats. “Ek moes vinnig by Julia se drawwery aanpas,” vertel Mossie. “Sy het al verskeie marathons en half-marathons agter die rug en het voet neergesit dat ek ook begin draf - en ek het nou al my derde halfmarathon suksesvol afgelê - met die resultaat dat my gewig van 109 kg na 86 kg afgekom het,” spog hy. (Sien berig elders in hierdie uitgawe.)

Mossie is nie 'n man wat maklik oor homself praat óf spog nie. Woensdrecht het egter 'n paar 'geheimpies' aan die Gans-Berg Nuus oorgedra. “In Mossie se 30 jaar by Gansbaai SAPD het hy wel deur beproewinge gegaan, maar altyd sterk in die geloof gestaan,” het Woensdrecht gesê. Hy vertel dat hy in Mossie ook 'n 'bakkie-partner' gekry het om buite mee te werk. “Ek dink ek het die definisies van misdaad vinniger by hom geleer as wat hy 4x4-vernuf by my geleer het!” Mossie se kuspatrollies het selfs Lt. Kol. Janse van Rensburg die trauma ná sy eerste kuspatrollie, met Mossie agter die stuur, laat herleef. Woensdrecht vertel dat dit waarskynlik die adrenalien in albei van hulle is wat daartoe gelei het dat hulle elkeen 'n motorfiets aangeskaf het: Woensdrecht 'n DR650 Suzuki en Mossie 'n DL650 Suzuki. Die twee vriende het ook jaarliks die Lighthouse2Lighthouse-dames se 100 km-stap vir liefdadigheid ondersteun. Dan was daar die *SAPS Western Cape Endurance Walk*, wat 'n groot deel van Mossie se polisielewe uitgemaak het - van die laastes was hy ook die Gansbaai-organiseerder.

“Ek is dankbaar teenoor my Skepper vir soveel geseënde en gesonde jare in my lewe, en nou dra ek my toekomsplanne ná aftrede aan Hom op,” het Mossie die onderhoud met die Gans-Berg Nuus afgesluit. Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus dra graag hul beste wense vir 'n gelukkige en gesonde afgtrede aan Mossie oor.

Hardus Botha



VACANCY / FAKATURE

VEOLIA

POSITION: General Assistant Maintenance

REQUIRED COMPETENCY AND/OR QUALIFICATIONS:

- Grade 12 / Matric qualification.
- Physically fit and able bodied.
- Preferably EB Drivers licence.
- Willing to do standby duty.
- Require to work outside normal working hours during emergencies and planned overtime.
- Form part of rotational shift cycles when required.
- Perform any reasonable task required by the superior.

STARTING DATE: As soon as possible

APPLICATIONS, IN THE FORM OF A CV, COVERING LETTER WITH CERTIFICATES, SHOULD BE SUBMITTED TO RUTH WEIDEMAN (ruth.weideman@veolia.com) HR DEPARTMENT IN HERMANUS BY NO LATER THAN THE CLOSE OF BUSINESS, **Friday, 09 October 2026**.

SHOULD APPLICANTS NOT HAVE RECEIVED A RESPONSE WITHIN 14 DAYS OF THEIR APPLICATION THEY SHOULD CONSIDER THEIR APPLICATION AS UNSUCCESSFUL.

Gansbaai Posduifklub: Britstown OPE-wedvlugte


Marisca Fourie.

Die naweek van 27 September 2026 was Britstown-wedvlugte aan die beurt. Twee wedvlugte, OPE 2 en OPE 3, het vanaf Britstown plaasgevind. Marisca Fourie van Fourie Lofts het die OPE 3 wedvlug gewen, met Louis Groenewald wat die OPE 2 wedvlug gewen het.

Uitslae:

Britstown OPE 2:
Louis Groenewald - 1, 20, 21, 23; Germishuys Hokke - 2, 4, 7, 17, 24; N&N Stevens - 3, 14, 16; J&J Swart - 5. 9, 11, 12; Fourie Lofts - 6, 8, 13, 18, 19, 26; Human Loft - 10, 15, 22, 25.

Britstown OPE 3:
Fourie Lofts - 1, 20, 21; J&J Swart - 2, 4, 6, 9, 10, 11, 14, 25; Louis Groenewald - 3, 7, 8; Germishuys Hokke - 5, 12, 13, 15, 17, 18, 19, 26; Human Loft - 16, 23; N&N Stevens - 22, 24.

Vir Posduif-navrae kan Marisca Fourie by 081 458 3878 gekontak word.
(*Foto & uitslae: Marisca Fourie*)

Hardus Botha


Louis Groenewald.



Heinrich Lourens het verlede naweek hierdie yslike galjoen gevang - 4,65kg en 63cm lank. Wat 'n vangs! Net jammer jy het nie dié ou grote tydens Saterdag, 26 September 2026, se Galjoenkompetisie gevang nie, Heinrich. Heinrich was wel saam met Jacques en Eugene Haasbroek en Wimpy Huyshamen in Saterdag se wenspan.

Hardus Botha

KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

In die Boedel van wyle
CORNELUIS MOLL BOSHOFF
Identiteitsnommer 510310 5042 086

Getroud buite gemeenskap van goed met
MAGRIETHA JOHANNA BOSHOFF
Identiteitsnommer 480415 0029 081

wat oorlede is op 17 Desember 2024
Meestersverwysing 002736/2026

Krediteure en debiteure word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal binne 'n tydperk van 30(DERTIG) dae gereken van 2 Oktober 2026

RICHARDS PROKUREURS
POSBUS 1562
GANSBAAI
7220
TEL 028 384 1255
VERWYSING: RR2104

Richards Attorneys

KENNISGEWING

In die Boedel van wyle GODFRIED JACOB ENGELBRECHT Identiteitsnommer 480719 5078 088 getroud binne gemeenskap van goed met JACKOBA JOHANNA PETRONELLA ENGELBRECHT Identiteitsnommer 500707 0069 083 woonagtig ten tyde van lewe te 17 Meyerstraat, Franskraal, Gansbaai Wes Kaap Provinsie
(Boedelnommer 009173/2024)

Kennis word hiermee gegee dat die 1ste en Finale Likwidasie en Distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae lê by die Meester van die Hoë Hof te Kaapstad, en by die Landdros Hermanus vir n tydperk van 21 dae gereken vanaf 2 Oktober 2026

RICHARDS PROKUREURS
35 Barnardstraat
GANSBAAI
7220
TEL 028 384 1255
VERWYSING: RR2010

Richards Attorneys

GETYE / TIDES 2027
GANSBAAI & SURROUNDS
Be part of our 2027 Tides Booklet
Janine: 072 931 1431
Erika: 072 499 5211
Michelle: 078 010 8286

Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

Gans-Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Put your advert here
Contact us:
028 205 0100

Franskraal Rolbalklub - Suzuki Hermanus Rolbaldag 'n groot sukses


Eerste plek wenners van Old Oak.

Saterdag, 26 September 2026 was dit die jaarlikse Suzuki Hermanus Rolbaldag - 'n dag wat deur Suzuki Hermanus geborg is, met voertuie wat deur die maatskappy uitgestal is. “Ons is dankbaar dat hulle belowe het om volgende jaar weer die dag te borg,” het Kokkie Kok, wedstrydsekretaris, gesê. “Ons klub se voortbestaan is absoluut afhanklik van borge en die dag was 'n baie groot sukses - almal het dit baie geniet en rolbal van hoogstaande gehalte is gespeel.”

Vyf spanne van buite en sewe spanne van Franskraal Rolbalklub het aan die kompetisie deelgeneem. Die eerste drie plekke is deur Old Oak (1ste), L'Agulhas (2de) en Bonnievale (3de) ingeneem. Die ander twee spanne van buite was Riviersonderend en Napier. Lani Swart, Klubpresident (in groen drag op foto's), het die prysoorhandigings gedoen. Kokkie sê dit was ongelukkig die laaste wedstryd wat vir 'n lang tyd op die klub se B-baan gespeel is. Die baan gaan in geheel oorgedoen word.

Opwindende vooruitsigte
Die Lentebesigheidsliga-rolbalkompetisie het op Dinsdag 29 September 2026 begin en strek oor drie Dinsdagaande: 29 September, 6 en 13 Oktober, met die prysuitdeling op die laaste Dinsdag.
Donderdag, 1 Oktober 2026 bied die klub sy jaarlikse Borskanker-rondomtaliekompetisie aan. Twee wedstryde tussen klublede, wat pienk sal aantrek, word gespeel. Alle inkomste sal aan borskankerbewusmaking en -ondersteuning geskenk word. Daar is ook pryse vir die besgeklede manlike en vroulike speler.

Hardus Botha


Tweede plek L'Agulhas


Derde plek Bonnievale.

Gansbaai Gholfklub - Johan Coetzee se Woensdag

Johan Coetzee, Gans-Berg Nuus se gholfberigskrywer, het Woensdag, 28 September 2026, behoorlik 'oorgeneem'. Hy wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie, teken 'n spog-twee (2) aan en wen ook die boerpotputjies (2, 15 en 17) - geluk, Johan! (Red.)

Woensdag, 28 September:
Johan Coetzee wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 42 punte gevolg deur Cobus Dippenaar 42, Theunis van Schoor 42, Hugo Groenewald 36, Leon Lombaard 36, Philip Taylor 36, Jacques Louw 35, Peet Pretorius 35, Rene Myburgh 32 en Johan Pieterse 30.
Spog Twee's: Johan Coetzee (2) en Hugo Groenewald (17).
Johan Coetzee wen die Boerpotputjies (2, 15 en 17).

Vrydag, 25 September:
Sakkie van der Merwe wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 22 punte, gevolg deur Koos Myburgh 21, Owen Huxham 19, Jacobus Bothma 17, Lionel Kemm 16, Callie Lourens 16, F Loots 15, Pietie Uys 15, Pieter Loubser 14 en Jacques Louw 14.
Saterdag, 26 September:
Peet Pretorius & Leon Lombaard wen die Gekombineerde Houespel Kompetisie met 138 net, gevolg deur Jacques Louw & Rene Myburgh 144, Pieter Loubser & T Joubert 148, Hendry van Appeldoorn & Gavin Flint 148, Cobus Dippenaar & Hugo Groenewald 150, Malcolm Bury & Tiaan Muller 153, Pieter Smal & Tiaan Muller 153 en Stephen Jackson & Neil Harrison 154.
Spog Twee's: Neil Harrison (11).
Naaste aan die pen (geel): Pieter Loubser.


Johan Coetzee.


Sakkie van der Merwe.


Leon Lombaard en Peet Pretorius.

Saterdag, 3 Oktober:
Dit is die Beeskraal Ope borgdag en die formaat is 'n Enkel Stableford.

Verjaarsdae:
Barry Fourie (1ste), Gabriel Theron (2de), Lana Dorrofield (2de), Nico Jones (5de) en Leon Minnie (8ste).

Groete,
Johan Coetzee 082 878 0534

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps.
We offer an on-site service
028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za